


8 NOVEMBER 2020

# 3iG



'n saam-glo dissipelskap gesprek



## saam bid

**Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.**

**B.I.D.** staan vir:

**B:** Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

**I:** Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

**D:** Dankie-sê, maak daaglik jou dankie-lys en dank God daarvoor.

**LEWENS-LEUSE:** Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

“Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.”

**Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.**

**saam groei** Die boek Genesis is die eerste boek in die Ou Testament wat na 'n persoon vernoem is. Vanweë die noue samehang met die boek Deuteronomium en beide boeke se beklemtoning van gehoorsaamheid en die lewe van toewyding binne dié verbondsverhouding met God, meen talle geleerdes dat ons nie van die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel) moet praat nie, maar eerder van die Heksateug (die eerste ses boeke). Na die dood van Moses word Josua as opvolger aangewys. Josua ontvang die opdrag om deur die Jordaanrivier te trek en die volk erken hom as leier as hy Moses se wonderwerk wat hy by die Rietsee verrig het, by die Jordaanrivier herhaal. Josua vertel die verhaal hoe die volk deur die Jordaanrivier getrek het en die land Kanaän verower het. Dit word beklemtoon dat die Here hulle in die stryd teen die inwoners van Kanaän gelei het. Elke stam het hulle grondgebied verkry. Josua 2:1-4:24 vertel die verhaal van die intog in Kanaän. Daarna word vertel van die inname van die land (5:1-11:23). Die besinname van die land word in 12:1-24 beskryf. Lees Jos. 24:1-3 14-25

**Jesus verag van ons minder nastaar (admiration) en mee naleef (imitation), saam gesels**

1. Verduidelik vir mekaar watter rol die Here se beloftes in jou lewe as navolger van Jesus speel. Watter belofte(s) staan vir jou uit en beteken vir jou die meeste? Waarom?
2. Kan julle julle indink hoe die Israeliete gevoel het toe hulle uiteindelik in die beloofde land woon en besef het dat God sy beloftes, van baie eeue gelede en na vele jare van omswerwing in die woestyn, van 'n nageslag en 'n land

sou jy jou dankbaarheid aan uitdrukking gegee het as hierdie gewaarwording tot jou deurdring dat die bestemming bereik is?

3. Josua 24 vertel van God se pad met sy volk. Waar het jy as volgelinge van Jesus, ook al teruggekyk op die pad waarlangs jy gekom het en die Here se voetspore in jou lewe gesien? Watter uitwerking het dit op jou as navolger van Jesus gehad?
4. Wanneer God aan ons alles gegee het wat ons nodig het en al sy beloftes aan ons waar gemaak het, bestaan daar die gevaar dat ons kan dink dat ons al hierdie gewawes nou vir ewig het en dat ons daarmee kan maak soos ons wil. Hoe leef navolgers van die Here met 'n daaglikse bewussyn en waarderende dankbaarheid teenoor God vir alles wat die Here vir ons gegee en gedoen het? Gee praktiese wenke vir mekaar.
5. Josua en sy huis het besluit om 'n pad met die Here te stap en die Here te dien. Hoe nodig is dit vir volgelinge van die Here Jesus om hulle by herhaling aan die Here toe te wy? Deel met mekaar wat sulke momente van hertoewyding vir jou geloofsvorming beteken het.

**Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.**

**saam stap**

Geloofsgewoonte. **Om geloofsvriendskappe te ontwikkel.** "The Craetor arranged things so that we need each other". Hierdie gewoonte wil ons die waarde van vriendskappe laat ontdek wat ons aanmoedig en uitdaag om God met ons hele hart, verstand en al ons kragte lief te hê. Lees hieroor: Spr. 17:17; 27:17; Joh. 15:15; Rom. 15:7.

**Doen-dinge:**

1. Maak 'n inventaris van vriende wat jou lewe op een of ander wyse beïnvloed het. Watter soort vriende maak jy en wat leer dit jou van jouself?
2. Maak 'n tabel van eienskappe wat jy graag in 'n geloofsvriend wil hê. Maak ook 'n lys van wat jyself tot hierdie soort vriendskap sal kan bydra.
3. Daar bestaan nie volmaakte vriende nie. Maak 'n lys van jou eie tekortkominge en dink na oor hoe dit ander mense raak.

**Dink-dinge:**

1. Dink daaroor na dat God jou sy vriend noem.
2. Watter soort vriend is jy vir God?
3. Met wie kan jy oor jou geloofsreis saam met God gesels? Wat sal dit vir jou kan beteken om so 'n sielsgenoot te hê?
4. Vir wie kan jy in tye van krisis ondersteun? Wat sal jy doen?

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

## 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.